# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie in verband met hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

1 November 2023

**OMSENDBRIEF 12/2023**

## PREDIKANTEKONFERENSIE 2024


**Aan alle leraars en kerkrade**

Geagte broeders

U voorbidding word gevra vir die beplande Predikantekonferensie en al die ander aktiwiteite daaromheen gedurende Januarie 2024. Dit is 'n uiters belangrike week wat u asseblief aan die Here moet opdra. Ons gaan probeer om met een poging vyf sake gedurende die week van Sondag 21 tot Vrydag 26 Januarie 2024 hartgrondig te hanteer.

Die program skop af by die AP Kerk Pretoria-Oos (Sondag om 18:00) waar ons gewaardeerde prof. Koos Adendorff die diens lei vir die amptelike opening van die AP Akademie se akademiese jaar. Daarmee word die tema vir Predikantekonferensie 2024 ook bekendgestel: "Voete van bereidheid!"

Registrasie vind Maandag 22 Januarie vanaf 12:00 by die EG Kerk se Eden Kampterrein, net noord van Cullinan (± 45 km buite Pretoria), plaas. Die amptelike program begin om 14:00.




**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

“Voete van bereidheid!” wil die aandag vestig op die werking van die Heilige Gees onder ons en in hierdie tyd. Die fokuspunt is die uitvoering van die groot opdrag: *Gaan dan heen* ... (Mt. 28:19). Allermins 'n opsionele opdrag! ’n Kerk wat die waarheid leer, lyk so: missionêr. Ons vra vars na die doel van sending, bid saam vir die nog onbereiktes, kyk na die huidige stand van sendingdenke, oorweeg selfs ’n afsonderlike formulier vir sendelinge.

Die profiel van ’n deursneepredikant van die AP Kerk word bespreek. ’n Dinkskrum vind ook plaas oor die leergang van voornemende studente vir die BDiv-graad en die Kerklike Lisensiaat ('n sesjaarstudie). Elke aand wil ons graag bestaande bande versterk en nuwes smee.

Teen Woensdagmiddag begin die sinodale kommissiewerk, wat strek tot Vrydag.

Die grootste deel van die koste word vanuit ’n erflating gesubsidieer. Leraars betaal slegs **R200** vir bywoning. **Kerkrade word versoek om die tyd vry te maak en ook te help met die leraar se reiskoste.** Dit geld ook vir leraars wat op sinodale kommissies dien. Sodoende kom ons die GKK se begroting tot hulp danksy die kommissies wat van Woensdag af kan vergader.

Alle leraars word versoek om asseblief die R200-bywoningsfooi **voor 14 Desember 2023** in die GKK se rekening te betaal met die leraar se naam en van as verwysing.

Bank: ABSA
Rekeningnaam: AP Kerk – GKK
Rekeningnommer: 2140 143 068
Takkode: 632005

Saam bid ons die woorde van die Onse Vader: *Laat u koninkryk kom (Mt. 6:10).* Dit beteken: “Regeer ons so, deur u Woord en u Gees dat ons, hoe langer hoe meer, ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig die werke van die duiwel ... (HK So. 48 v/a 123).

Voel die bruising van 'n na buite gerigte leierskap!

Ons vertrou dat hierdie konferensie tot die geseënde toerusting van ons leraars sal dien.

**ROMEINE 10:14-15:** ***Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!***

Broedergroete

Prof. Johan Bosman
Hoof: Departement Diakoniologie & Missiologie



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

**BEPLANNING – PREDIKANTEKONFERENSIE 2024**

**Voorlopige program:** Kampterrein: Eden, Cullinnan

**SONDAG, 21 Januarie 2024**

18:00 Openingsdiens, AP Kerk Pretoria-Oos: Rom. 10:14, 15 [Prof. Koos Adendorff]

**TEMA: "Voete van bereidheid"**

**MAANDAG, 22 Januarie 2024**

12:00 Registrasie

14:00 Opening en bekendstelling sendingorganisasies – Ds. Leon du Plessis

15:30 Sessie 1 – DOEL VAN SENDING [Prof. Johan Bosman]
Sessie voorsitter: Prof. Gerrit Smit

**VOORDRAGTE = 50 Minute**
**VRAE = 10 Minute**

16:30 Koffie en Tee

17:00 Sessie 2 – BID VIR DIE NOG ONBEREIKTES
Sessie voorsitter: Prof. Johan Bosman

18:00 Aandete – Tafelgebed: Ds. Henri Scherman

19:00 Dagafsluiting – Ds. Paul Möller

20:00 Kampvuurkuier

**DINSDAG, 23 Januarie 2024**

07:30 Ontbyt – Tafelgebed: Ds. Ruan Combrink

08:45 Bidstond – Ds. Emile Trollip

09:30 Sessie 3 – SENDINGDENKE IN ONS TYD [Finale jaar: Pieter van Deventer]
Sessie voorsitter: Prof. Alwyn Swanepoel

11:00 Pouse

11:30 Sessie 4 – DIE KERN VAN SENDINGWERK [Finale jaar: Dianlo Stoltz]
Sessie voorsitter: Prof. Koos Adendorff

12:30 Middagete – Tafelgebed: Ds. Markus Mattheus

13:30 Sessie 5 – VERSLAG INDIË-UITREIK: Paneelbespreking
Sessie voorsitter: Prof. Johan Bosman

14:30 Pouse

15:00 Sessie 6 – 'N AFSONDERLIKE FORMULIER VIR SENDELINGE [Ds. Durandt Pieterse]
Sessie voorsitter: Ds. Johan Schütte

16:00 Pouse

16:30 Sessie 7 – PROFIEL VAN 'N PREDIKANT IN DIE AP KERKVERBAND [Prof. Koos Adendorff]
Sessie voorsitter: Prof. Gerrit Smit

18:00 Aandete – Tafelgebed: Ds. Riaan Pretorius



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

19:00 Dagafsluiting – Ds. Wickus Malan

20:00 Rondom die kampvuur

**Woensdag, 24 Januarie 2024**

07:30 Ontbyt – Tafelgebed: Ds. Martin Jordaan

08:45 Bidstond – Ds. Willem van Schalkwyk

09:30 Sessie 7 – KERKLIKE LISENSIAAT – ’N PROFESSIONELE KWALIFIKASIE
[Akademiese perspektiewe, Prof. Gerrit Smit – 25 Minute]
[Bediening perspektiewe, Ds. Danilo Stoltz – 25 Minute]
Sessie voorsitter: Prof. Koos Adendorff – slegs informatiewe vrae

10:30 Pouse

11:00 Sessie 8 - KERKLIKE LISENSIAAT – DINKSKRUM
[O.l.v. Ds. Johan Schütte]

12:30 Middagete – Tafelgebed: Ds. Dewald Cronje

13:30 Sessie 9 - Admin sake soos pensioen, medies, ens.

14:30 Vrae en antwoorde – Paneel [Voorsitter: Prof. Johan Bosman]

14:45 Samevatting en afsluiting – Prof. Alwyn Swanepoel

15:00 Verdaag

15:30 Kommissievergaderings

18:00 Aandete: Tafelgebed in kommissies

19:00 Kommissievergaderings

21:00 Dagafsluiting – Ds. Francois de Bruin

**Donderdag 25 Januraire 2024**

07:30 Ontbyt

08:30 Kommissievergaderings

10:30 Teetyd

11:00 Kommissievergaderings

12:30 Middagete – Tafelgebed in kommissies

13:30 Kommissievergaderings

16:00 Koffiebreuk

16:30 Kommissievergaderings



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

18:00 Aandete – Tafelgebed in kommissies

19:00 Kommissievergaderings

21:00 Dagafsluiting: Ds. Danilo Stoltz

**Vrydag 26 Januarie 2024**

07:30 Ontbyt

08:30 Kommissievergaderings

10:30 Afsluiting en vertrek.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390